# GENERALE MISSIVE

*Nuusbrief van die Stigting VOC* ***2/22***
*Newsletter of the VOC Foundation*

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is as sulks geregisteer by Stad Kaapstad, EWK en SAEHA en is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is registered with the City of Cape Town, HWC and SAHRA and is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa. **Internet:** www.kaap-voc.org. **E-pos/E-mail:** vocinfo@voc-kaap.org **Skakel/Contact**: Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, 071-622-5792, e-pos: rodecb@icloud.com . **Finansies /Finance:** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank**: Nedbank, Somerset-Wes. Rek.no. 1145512305. Rek. naam: 'Stigting VOC Foundation.'

*Welaen vrunden!*

## Van die Komitee

Die tweede kwartaallikse vergadering van die bestuurskomitee het op 11 Junie 2022 plaasgevind. By die vergadering het mnr *Viljoen van Heerden* as 'n vrywilliger by ons bestuurskomitee aangesluit, in die portefeulje: Oorsese korrespondensie. Hy het Geskiedenis op Stellenbosch gestudeer en is 'n eiendombestuurder van beroep. Sy belangstellings is Suid-Afrikaanse geskiedenis en die versamel van Africana-boeke. Sy toetrede vergroot ons potensiaal aansienlik. Op die oomblik is daar nog twee belangrike vakatures, eerstens vir 'n Tesourier en tweedens vir 'n persoon met regsopleiding. Die werk is grootliks adviserend, interessant en daarby maklik en min; die komitee vergader maar eenmaal per kwartaal en kommunikeer elektronies.

*Verwelkoming*. Ons verwelkom graag *Dr Francois Cleophas* van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidwetenskappe aan die Universiteit van Stellenbosch as nuwe lid van ons Stigting. Sy belangstellings is onder andere Kultuurgeskiedenis en Sportwetenskappe. Ons vertrou dat sy lidmaatskap lank en wedersyds voordelig sal wees.

Tweedens verwelkom ons as nuwe lid mnr *Wynand Louw* van die Paarl. Hy werk aan 'n biografie van sy oupa, Tobie Louw, 'n bekende argitek uit die vorige eeu.

Derdens verwelkom ons *Me Ellie Visser* as nuwe lid. Ons het geen biografiese besonderhede oor haar nie. Ons vra al ons lede om asseblief te dink wat hulle vir die bevordering van ons Stigting se doelstellings kan doen.

*Wie toer saam?*

Ons wil vanjaar weer 'n paar uitstappies onderneem na plekke met VOC-skakels, maar voordat ons vaste planne kan maak moet ons vas stel hoeveel belangstelling daar voor onder ons lede bestaan. Ons beplan eerstens 'n uitstappie na Tuan Yussuf se Kramat by Makassar (Julie, eie vervoer), dan na Kersefontein, die plaas van Martin Melck naby Hopefield, (Augustus, blomtyd, eie vervoer) en derdens vir twee dae in die Kaap Agulhus-omgewing saam met die Agulhas Bewaringsvereniging (Oktober, eie vervoer, een nag oorslaap).

Sal ons lede wat belang stel om saam te toer, asseblief so gou as moontlik hul name aan ons Sekretaris stuur, byvoorbeeld: 'Jan Smit wil saam na Kersefontein,' of 'Jan en Bettie Smit wil saam gaan na die Kramat en na Agulhas.'

*Komende lesings*
Ons het ons opvoedkundige program van kwartaallikse lesings oor VOC-sake hervat. Twee lesings is reeds afgehandel. In die derde en vierde kwartale word die volgende gelewer: Mnr Alex Giardini sal om 10:30 op Saterdag, 3 September by SASNEV praat oor die VOC se kontak met inheemse mense, aan die suidooskus van Afrika van Kaap Agulhas af tot Delagoabaai. Dit is ook die onderwerp van die MA -tesis waarmee hy by die Universiteit van Leiden besig is. In die vierde kwartaal (datum nog nie bepaal nie) sal Dr Alberta van Rooyen ons inlig oor die VOC-se gebruik van die Buffelsvallei en omgewing in die Suid-skiereiland; dit sluit die sogenaamde Prinsesvlei en verwante mites in. Ons lede sal elke keer per *Roeper* genooi word.

*Liesbeeck 'ontwikkeling.'*
Lede sal onthou dat ons komitee besluit het om R5000 by te dra tot die hofkoste van die groepe Liesbeeck Action Campaign, Observatory Civic Association en ander wat die Amerikaanse firma Amazon (ondersteun deur Stad Kaapstad en ander groepe) se 'ontwikkeling' van die ou River Club-terrein in Observatory in die hof beveg het. Hoewel daar 'n buitepos van die VOC en vroeë vryburgerplase in die omgewing was, was ons Stigting se belangstelling en toetrede uitsluitlik 'groen,' terwille van die bewaring van die rivier, die vleiland en die groen eilandjie in 'n industrieële gebied, omdat Kaapstad en ons stadsbewoners 'n 'groen long' nodig het. Van permanente Koina-bewoning of kulturele aktiwiteit in die omgewing het ons sover geen rekord soos dokumente of argeologiese oorblyfsels gevind nie, wat jammer is. Regter Goliath het beslis dat die bouwerk moet stop. Amazon en sy makkers het verlof gevra om daar teen te appelleer. Die regter het hul versoek met koste geweier. Myns insiens is dit nie die einde van dié storie nie. Amazon se probleem is nie geld nie en hulle sal waarskynlik getuienis met elemente van ideologie en ander abstraksies wat voor die regter gelewer is, bevraagteken.

*Stigtingsdag*
Die bestuur van die FAK het ons Stigting gevra om op Maandag, 4 April met sy Kaapse lede en 'n aantal skoliere oor kommandeur Jan van Riebeeck en sy werk aan die Kaap te praat. Opvoeding oor VOC-sake is deel van ons Stigting se missie, en ons het die geleentheid benut, deur 'n geïllustreerde lesing met behulp van SASNEV se uitstekende fasiliteite. By dieselfde geleentheid het voorsitter Alex ons Stigting in breë trekke aan die gehoor bekend gestel. Albei praatjies is op video op geneem, professioneel geredigeer en is op 6 April aan 'n gehoor van ongeveer 100 FAK-lede in Pretoria vertoon. In Kaapstad het die FAK op dié dag kranse gelê by Jan en Maria van Riebeeck se standbeelde.






Foto's: Rudolf Rode en Elizma Smith (FAK)

**VOC-versameling in die Nederlandse Biblioteek, Pinelands.**

Hierdie handige en nuttige versameling groei steeds aan. Daar is boeke oor vele onderwerpe, soos die optrede van die VOC in die Ooste, sy ontdekkingsreise, skepe en skeepsbou, slawerny, 'n volledige herdruk van Valentijn (5 dele) en daardie waardevolle bronne van inligting oor Kaapse geskiedenis, die gepubliseerde dagregisters uit die pionierstyd, van kommandeurs Van Riebeeck (1652-1662) en Wagenaar (1662-1666). Daar is ook publikasies oor diere, plante en die natuur deur VOC-amptenare (Rumph, Claudius, die Codex Witsenii, ens.) VRV-uitgawes oor Kaapse VOC-sake (reise van Bergh, Schrijver, Wikar, e.a.), te veel om op te noem, en daar tussen is vele aangename verrassings. Ander dagregisters (1687, 1692, 1704, 1706, 1709) is op CD's  beskikbaar, hulle bevat 'n foto van die oorspronklike bladsy in die Haagse Argief en langsaan 'n transkripsie daarvan, sodat jy nie kan verkeerd gaan nie.


**Die taal van voorlaaier kanonne**

Waar sit 'n kanon se siel? Die taal van voorlaaier kanonne leef voort by die Nitida Kanonstelling, naby Durbanville.





Bron: HN Kramer: *Het VOC-retoerschip*. Amsterdam, 1995. p.213

**_Grote Atlas_ te koop**




Na vele jare het daar weer 'n eksemplaar van *De Grote Atlas van de VOC, deel V (Africa)* op die mark gekom. Hierdie waardevolle, rare en eenmalige publikasie bevat gekleurde afdrukke van kaarte en planne van dié gebiede en plekke in Afrika waar die VOC van 1602 af tot 1795 aktief was, soos die hawens en baaie aan die westelike, suidelike en oostelike kuste, die binneland agter hierdie kuste met die Kaapse buiteposte, so ver weg as Delagoabaai (Maputo), en die geleë op eilande soos St. Helena en Mauritius. Dit is die oorspronklike kaarte van hierdie land se vroeë ontwikkeling, en hulle is propvol historiese gegewens. Die toestand van die bundel, met stofomslag en houer van sterk karton is 'soos nuut.' Die prys is 'n redelike R8000. Die eienaar kan geskakel word by tel. 083-655-2027 of per e-pos: <mvanr45@gmail.com>

**Collectors Corner**




*Paulus Keijser of Saltingen's Free Burgher Certificate, 1717. (Size: 42cm x 32cm).The following is a literal translation of the certificate:

Maurits Pasques d'Chavonnes, Councillor Extraordinary of India and Governor at the behest of the United Netherlands Chartered East India Company at the Cape of Good Hope and its Districts, as well as the Council, make known.

Whereas Paulus Keijser of Saltingen, who arrived here as a soldier on the ship *Generale Vreede* in the year 1708 at *ƒ*9:– per month has urgently requested to be released from the Company's service and be accepted as a burgher, and having served the Honourable Company with the proper faithfulness, his request is hereby graciously granted that he be allowed to earn his living here or elsewhere by means of any of the permitted trades, with the understanding that he does not request any freehold land from the Honourable Company, which will also reserve the right and authority to itself, whenever he may be needed, or if his behaviour is not acceptable, to take him into service again in his previous capacity and at the same wages; and he will furthermore be subject to all such edicts and decrees concerning the burghers as have already been promulgated by our lords and masters in the fatherland and locally by us, or are yet to be promulgated hereafter in the service of the Honourable Company.

Executed In the Castle of Good Hope on this 5th January 1717.

M: d' Chavonnes

***By order of said***

Lord Governor and the Council

H:s van den Meer Pietersoon.

E G Secrt. (*Eerste Gesworen Secretaris*: First Sworn Secretary)

Notes: Maurits Pasques de Chavonnes was the Governor of the Cape colony from 28 March 1714 until his death on 8 September 1724. The 48 Stuiiver VOC Cape colourless embossed revenue stamp (top right) is signed by De Chavonnes. A red VOC Cape wax seal is affixed, lower left. - Dr. Mike Barter.

Opmerkings: Die dokument van 305 jaar oud, kompleet met rooi lakseël, is in 'n buitengewone goeie toestand. Sekretaris Van den Meer Pietersoon se netjiese, egalige handskrif is maklik leesbaar; hy was van 1713 tot 1717 Sekretaris van die Politieke Raad.

Goewerneur MP de Chavonnes was 'n soldaat van beroep, van Franse Hugenote afkoms. Daar is 'n skildery van hom in die William Fehr versameling, Kasteel de Goede Hoop. Tydens sy regering is die Kaapse garnisoen vir die eerste keer in uniforms geklee.

Paulus Keyser (gedoop 1675) van Salzungen het die plaas *Hartenberg* naby Stellenbosch besit, en was getroud met Aletta Lubbe, dogter van Barend Lubbe (Berndt Löbe), wat in 1691 aangekom het; hulle het 13 kinders gehad. Lubbe was die eienaar van die plaas *Brakkefonteijn aan de Olifantsrivier* en veldkorporaal (van die huidige distrik Citrusdal). Die bekende skrywer OF Mentzel wat agt jaar lank (1733 - 1741) as soldaat aan die Kaap vertoef het, skryf dat hy twee jaar lank in die binneland by '*my host, Paul Kayser of Langensalza… a man of 72 and formerly a great elephant hunter,*' vertoef het. Is '*my host*' (my gasheer) korrek vertaal uit Mentzel se Duits? Moontlik het hy as 'n kneg by Keyser gewerk.

Die plaas *Hartenberg* (gestig 1692) is steeds 'n bekende wynplaas, oop vir besoekers, met kelder en restaurant, op die Bottelarypad noordwes van Stellenbosch.

Bronne:

J. Hoge: *Personalia of the Germans at the Cape*, pp.201, 250.
O.F. Mentzel: *A geographical and topographical description of the Cape…*, VRS 1, 4, p.12.
D. Sleigh: *Die Buiteposte*, pp. 536-537.

**Nederlandse regering ondersoek die land se koloniale verlede**

'*De overheid heeft maandag een commissie geïnstalleerd die zich moet gaan bezighouden met*

*het vergroten van de kennis van de geschiedenis van voormalig Nederlands-Indië. Voor het project is 20 miljoen euro uitgetrokken. Oud-minister Jet Bussemaker leidt de projectcommissie.*

*De commissie, voluit genaamd 'Versterking kennis geschiedenis voormalig Nederlands-Indië', moet zich de komende jaren buigen over de vraag hoe het educatieve aanbod over de geschiedenis van Nederlands-Indië zowel binnen als buiten het onderwijs verbeterd kan worden. Daarnaast moet de algemene kennis over de voormalige kolonie vergroot worden. Staatssecretaris Paul Blokhuis (VWS) stelt dat met het project een impuls wordt gegeven "aan de collectieve erkenning van de Indische gemeenschap in Nederland". De minister:*

*"Dit heeft als doel om de waardering voor de Indische identiteit en het Indisch erfgoed zichtbaar te maken en de kennis over de geschiedenis van voormalig Nederlands-Indië te vergroten. De geschiedenis van voormalig Nederlands-Indië is een belangrijk onderdeel van de Nederlandse geschiedenis. Het is daarom goed dat deze geschiedenis binnen scholen, maar zeker ook daarbuiten, voor zoveel mogelijk mensen tot leven wordt gebracht."*

*Het instellen van de commissie is onderdeel van een groter plan met ook andere acties die tot en met 2024 zullen doorlopen. Er wordt ook geld gereserveerd om het Indisch erfgoed te behouden en toegankelijk te maken voor de toekomstige generaties. Onder andere door historisch materiaal te digitaliseren. Verder is het de bedoeling dat extra geïnvesteerd wordt in de ondersteuning van mantelzorgers met een Indische achtergrond.'* - Voorsien deur VOC Kamer Antwerpen.


**Wat is Bataviedag?**

30 Mei 1619 is 'n datum van groot belang in die VOC-geskiedenis. Op dié dag het die Kompanjie onder Jan Pietersz Coen die stad Jacatra op Java van die Sultan van Bantam en 'n mag van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie onder Sir Thomas Dale afgeneem. Coen het Jacatra verwoes en die stad Batavia op Hollandse patroon op dié plek gebou, met Kasteel Batavia as die VOC se Oosterse hoofkwartier en rendezvous vir sy skepe. 30 Mei is volgens plakkaat van die Raad van Indië jaarliks feestelik en met dankgebede in al die stad se kerke herdenk. Ons sustersvereniging in Den Haag, *VOC Genootschap De Haagsche Besoygne*, verskeie van wie se lede in Indonesië gebore is, herdenk nog jaarliks die dag, onder andere met 'n '*borrel en diner*' en 'n '*heildronk op ZM de Koning*.' Op 30 Mei 2017 was ek en Jean gaste by die geleentheid, wat behoorlik in die eeue-oue Riddersaal van Herberg 't Goude Hooft in Den Haag gevier is. Die voorgeskrewe drag was '*djas toetoep, badjoe batik met lange mouwen, sarong en kabaja.*' [Bron: JA van der Chijs (red.): *Nederlandsc-Indisch Plakaatboek deel II*, p.47. Landsdrukkerij, Batavia, 1886.




Foto's: Sven Niels en Jean Sleigh

**Uit die Akademie**





(a)E.v. Stade: Constantia, 1710. (b) Hendrik Cloete en lyfkneg, c.1788. Swellengrebel vers.

Aan die begin van Augustus 1795 was die Kaap de Goede Hoop nog onder die administrasie van die VOC. ’n Blote ses weke later was daar ’n nuwe administrasie en ’n militêre besetting deur Brittanje. Dog het die plaaslike kolonistebevolking dieselfde gebly – daar was ’n paar nuwe Britse administrateurs en natuurlik ’n garnisoen Britse soldate, maar verder was die Kaap nog net so Hollands soos die voorafgaande 143 jaar. Teen 1795 was daar burgerfamilies wat al so lank as ses geslagte aan die Kaap gewoon het. Hoe het hierdie mense die bewindsoornames van laasste jare van die agtiende eeu en die beginjare van die negentiende eeu ervaar? Hoe het hulle aangepas by ’n nuwe administrasie met nie net nuwe wette nie, maar ’n heelwat opsigte, ’n ander kultuur. Dit is onderwerpe wat nog weinig aandag geniet het van historici (deels deur die tradisionele skeiding tussen die ‘Hollandse’ en ‘Britse’ tydperke in die Kaapse geskiedenis), maar een wat beslis ondersoek vereis.

Nou kom Liza-Mari Oberholzer met ’n gevallestudie van een van die bekendste burgerfamilies uit die VOC-tyd: die Cloetes. Jacob Cloete het in 1652 saam met Jan van Riebeeck aan die Kaap geland en was onder die eerste groepie VOC werkslui wat in 1657 vrygurgers geword het. Nou mag u wel vra wat ’n artikel oor die Cloetes se ervaring van en aktiwiteite gedurende die Britse bewind met die VOC aan die Kaap te doen het. Dit is van belang omdat Oberholzer argumenteer dat mens nie die besluite en strewens van die vyfde en sesde geslag Cloetes gedurende die oorgangsperiode kan verstaan nie sonder om die familie se geskiedenis in die VOC-tyd na te gaan. Gevolglik is haar artikel, ‘From VOC supporters to British collaborators: The case of the Cloete family’, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 35(2), Desember 2021, pp. 17-42, in wese ‘n oorsig van die Cloete-familie se geskiedenis aan die Kaap van die middel sewentiende af tot die vroeë negentiende eeu.


Jacob Cloete, soos so baie van sy tydgenote, se lewe was vol teëslae: in 1665 sterf sy vrou en laat hom met vier jong kinders. In ’n tyd toe daar baie min hubare kolonistevrouens aan die Kaap was, is Jacob nie weer getroud nie. In 1671 neem hy die ongewone stap om sonder sy kinders na Nederland terug te keer. Nege jaar later is hy terug in die Kaap en tree weer in diens by die VOC. In 1693, toe hy werksaam was op die buitepos, Klapmuts, is hy wreedaardig vermoor. Jacob Cloete se jongste seun, Coenraad, is met Martha Verschuur getroud kort na sy pa se dood. Jacobus, sy oudste seun wat na sy oupa vernoem is, is in 1722 met sy kleinniggie, Sibella Pasman getroud. Danksy haar moeder en eerste man se erflatings, was Pasman ’n vermoënde vrou wat etlike plase besit het. In 1761 bemaak sy die plaas Nooitgedacht aan haar en Coenraad se enigste oorlewende seun, Hendrik Cloete. FOTOs Constantia en Cloete


Met Hendrik Cloete bereik die Cloete familie hulle grootse sosiale status gedurende die VOC periode. In 1778 koop hy die spogplaas, Groot Constantia, wat bykans ’n eeu vantevore deur Simon van der Stel uitgelê en ontwikkel is. Teen hierdie tyd was Hendrik Cloete duidelik ’n

aansienlike persoon in die Kaapse burgersamelewing wat ook die goedkeuring van die VOC se Kaapse bewindhebbers weggedra het want hy dien in hierdie jare nie net as ouderling in die kerk nie, maar ook as heemraad en as kaptein van die Stellenbosse burgerkommando, almal gesogte posisies in ’n statusbewuste samelewing. Danksy die reg om wyn aan die VOC bewindhebbers in Nederland te lewer, wat saam met die besit van Groot Constantia gekom het, kon Cloete se welvaart aansienlik uitbrei. Ten spyte van geskille met die VOC oor bv. die reg om sy wyn ook privaat te mag verkoop, was Cloete duidelik lojaal teenoor die Kompanjie. Nie net was hy goed bevriend met Hendrik Swellengrebel jr., die seun van die voormalige goewerneur, nie, maar was hy ook gekant teen die politiek van die Kaapse Patriotte, ten spyte van sy noue verwantskap aan etlike van die leiersfigure van hierdie groep.

Na die dood van sy vrou in 1794, het Hendrik Cloete by sy seun Pieter Lourens Cloete op Zandvliet ingetrek en bemaak Groot Constantia aan sy naamgenoot, Hendrik Cloete jr., ’n lid van die sesde geslag van die Kaapse familie. Die res van Oberholzer se artikel word gewy aan die kinders en kleinkinders van Hendrik Cloete en wyses waarop hulle deel van ’n nuwe Brits-Kaapse elite geword het. Hendrik se sesde seun, Pieter Lourens Cloete, het vinnig onder die nuwe bewind verengels: in 1795 reeds het die nuwe owerheid hom aangestel in die Burgersenaat en hom toegelaat om sy pos as vise-voorsitter van die Weeskamer te behou tot 1803. Pieter Lourens was getroud met Catharina Maria van Reenen. Drie van haar susters is vroeg gedurende die Britse bewind met Engelse getroud. Pieter Lourens en Catharina het grootliks verengels en hulle seuns na Europa gestuur vir hul opvoeding terwyl al drie sy dogters Britte getrou het. Hul oudste seun, gedoop Hendrik, het later as Henry bekend gestaan, is met ’n Engelse vrou getroud, en het ’n vooraanstaande amptenaar in die Britse ryk geword. Dit is hý wat in 1831 verklaar het: ‘The Cape Dutch are essentially English.Their habits, their intermarriage, their general improvements, all exhibit and prove this fact.’ – Prof. G. Groenewald. *Belangstellendes kan ‘n kopie van dié artikel aanvra by [ggroenewald@uj.ac.za](mailto:ggroenewald@uj.ac.za)*

**Gereformeerde Kerkargief, Stellenbosch – ‘*Geheue van die Wêreld.’***




Foto’s: NG Kerkargief, Stellenbosch

Die kerk met sy menigvuldige funksies was ’n onderdeel van die VOC se administrasie in al sy oorsese kolonies. Die dokumente wat in die kerkkantoor ontstaan het, was dus deel van die

wêreldwye VOC-argief wat later deur UNESCO tot 'Geheue van die Wêreld' verklaar is. Onder die Eerste Britse Besetting (1795-1806) het Staat en Kerk geskei geraak, en die kerk het begin om sy eie rekords te bewaar. Toe die duisende VOC-dokumente in die Wes-Kaapse Argiefbewaarplek tot wêrelderfenis verklaar is, is die VOC-kerkargief nie daarby ingesluit nie. Dr Andrew Kok, kurator van die Kerkargief op Stellenbosch het die wens uitgespreek dat die VOC- dokumente in sy argief onder UNESCO se aandag gebring word. Bewaring, naas Opvoeding, is ons Stigting se taak en ons was in staat, met die hulp van *LDE Centre for Global Heritage* in Leiden, om die twee partye in aanraking te gebring. (LDE verwys na die beroemde universiteite Leiden, Delft en Erasmus.) Dr Kok sal 'n formele aansoek om verklaring aan UNESCO voorlê.

**Nuwe boeke**

CL Temminck Groll: *The Dutch Overseas: An architectural survey. Mutual heritage of four centuries in three (*sic*) continents.*Waanders, Zwolle, 2007. Illustrasies, bibliografie en indeks. )






Die pragstuk van 'n boek van 477 bladsye uit SASNEV se Nederlandse biblioteek bevat honderde foto's, planne en kaarte van historiese Nederlandse argitektuur in Europa, Asië, Afrika en die twee Amerikas. Dit is tasbare Nederlandse erfenis, die oorblyfsel van sy koloniale verlede, en gaan oor stadsale, woonhuise, pakhuise, hospitale, kerke, forte, kastele, poorte, plaashuise, preekstoele, graftombes, grafstene, sonwysers, gragte en versierde slote, tuine, brue, ens. Dit is 'n blydskap om te sien hoe die ou geboue bewaar en herstel word, veral in gekoloniseerde Asië waar hul waarde vir toerisme besef en behoorlik benut word. Selfs so ver as Japan, waar die pakhuise in Hirado (p.275) en die kunsmatige waaiervormige eilandjie Desjima in Nagasaki waarop die VOC geisoleer was (sien foto, regs), wat in 1798 deur 'n brand verwoes en in 1945 verder deur 'n  Amerikaanse atoombom, sorvuldig deur die Japanese regering herbou is. Die eiland, kompleet met 'n replika retoerskip, is reeds in April 2000 heropen maar argeologiese opgrawing, bouwerk en outentieke meubilering gaan nog voort. (pp.276 - 277.)

*Behouwde vaert / Selamat jalan / Go well*

D. Sleigh (Dr): Redakteur
Jean Sleigh: Tegnies
5 Julie 2022